



# Conquesta 2019


(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)  
 Koerier: Krantzviewweg 105, Kloof 3610, Suid-Afrika / Pos: Posbus 99, Kloof 3640, Suid-Afrika  
 Tel: (031) 764-1972 \* Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074  
 E-Pos: conquest@iafrica.com \* Webtuiste: [www.conquestaolympiads.com](http://www.conquestaolympiads.com)



## Afrikaans 2 (Eerste Addisionele Taal) – Graad 9

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (*sien voorbeeld 1 hieronder*). Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (*sien voorbeeld 2 hieronder*).

Voorbeeld 1:-



Voorbeeld 2:-



Lees die stuk onder en beantwoord vrae 1 – 17.

### Blackie

Berkshire, Engeland  
 Party mense glo swart katte bring ongeluk, maar dit beteken nie hulle is ongelukkig nie! Blackie se eienaar was 'n miljoenêr en antieke handelaar. Ben Rea het nóg 14 katte gehad, maar Blackie het die langste geleef en in 1988 'n ongelooflike £7miljoen (ongeveer R116 miljoen in 1988) geërf.  
 Wat 'n weelde!



1. Kies die korrekte intensiewe vorm vir die woord tussen hakies. **Blackie was 'n (swart) kat.**

- (a) nagswart (b) pikswart  
 (c) doodswart (d) teerswart

2. Wat is die korrekte spelling vir die onderstreepte getal? **Ben Rea het 14 katte gehad.**

- (a) veertig (b) viertien  
 (c) veertien (d) viertig

3. Gee 'n sinoniem vir die onderstreepte woord: **Party mense glo swart katte bring ongeluk.**

- (a) soms (b) sommige  
 (c) min (d) baie

4. Watter voegwoord sal die beste pas in die volgende sin? **Blackie is 'n baie gelukkige kat, ..... hy het baie geld geërf.**

- (a) omdat (b) maar  
 (c) dus (d) want

5. As jy die volgende vraag in die negatief moet beantwoord, watter antwoord sal korrek wees?

- Het Ben Rea nog steeds ander katte gehad?**  
 (a) Nee, Ben Rea het nie meer ander katte gehad nie.  
 (b) Nee, Ben Rea het nie ander katte gehad nie.  
 (c) Nee, Ben Rea het nog nie ander katte gehad nie.  
 (d) Nee, Ben Rea het nog ander katte gehad nie.

6. Watter woord sal die volgende idiomatiese uitdrukking korrek voltooi?

**As jy 'n storie nie mooi verstaan het nie, sal ons sê jy het die kat aan die ..... beet.**

- (a) ore (b) tong (c) pote (d) stert

7. Wat is die vroulike persoonsnaam van 'eienaar'?

- (a) eienaris (b) eienares  
 (c) eienaars (d) eienatrisee

8. Watter gevoelswoord pas die beste in die volgende sin?

**..., maar Blackie is 'n gelukkige kat!**

- (a) Ag nee (b) Foei tog (c) Sjoe (d) Hoera

9. Kies die korrekte afkorting vir die onderstreepte woord:

**Meneer Ben Rea het sy katte bederf.**

- (a) Mr. (b) Mnr (c) Mn. (d) Mnr.



10. 'Wat 'n weelde!', beteken Blackie gaan nou .....

- (a) soos 'n ryk mens lewe.  
 (b) baie ongelukkig wees.  
 (c) baie nuwe vriende maak.  
 (d) soos 'n normale kat lewe.

11. Wat is die korrekte verlede tyd vir die volgende sin?

- Blackie lê en slaap die hele dag.**  
 (a) Blackie het die hele dag gelê en geslaap.  
 (b) Blackie het die hele dag gelê en slaap.  
 (c) Blackie het gelê en slaap die hele dag.  
 (d) Blackie het gelê en die hele dag geslaap.